Die Voortrekkers
HOU KOERS

SPANHANTERINGSKURSUS
KURSUS A: Doelwitte en Standaarde
JANUARIE 2010

Kursusriglyne : Module Een – Spansement

AKTIWITEIT 1: Ysbreker

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusgangers met mekaar te laat bind by wyse van groepspele vir ‘n ysbreker.

STANDAARDE

1 Dat die kursusganger die waarde besef van ysbrekers as spansement vir eerste ontmoetings van persone wat vreemd is vir mekaar.

AKTIWITEIT 2: Opening en Spansement

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusgangers met mekaar vertroud te maak asook te gebruik as inleiding tot ‘n gesprek rondom ‘n span.

STANDAARDE

1 Dat die kursusganger weet wie en wat die kursusaanbieder doen en is, deur ‘n kort lewensskets.

2 Dat die kursusganger begryp dat daar verksillende maniere is om ‘n spanbyeenkoms te open, hetsy by wyse van:
Skriflesing en gebed deur ‘n spanlid
Groepsgebed
Stilgebed
Gewyde sang of digkuns
Dagstukkies soos vervat in erkende christelike literatuur

3 Dat die kursusganger sal verstaan dat die die kursus daarop gemik is om uitvoering te gee aan die Visie 2020 van Die Voortrekkers en stapsgewys ‘n Voortrekkerjaar te beplan, organiseer, inisieer asook evalueer.

4 Dat die kursusganger sal besef dat die jeuglid Die Voortrekkers se kliënt is en derhalwe daar spesifiek na hom/haar omgesien moet word met die gedagte dat daar ‘n Visie en ‘n Aksieplan is om die jeuglid te diens en by spesifiek Die Voortrekkers se teikenmark uit te kom.

AKTIWITEIT 3A: Ken jouself en jou spanlede - JEUGBEHOEFTES:

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusganger bewus te maak van die basiese behoeftes van die jeug en hoe daarvoor voorsiening gemaak moet word in die spanprogram.

STANDAARDE

1 Dat die kursusganger sal weet wat die basiese menslike behoeftes is.

2 Dat die kursusganger sal verstaan dat elke jaargroep behoeftes het wat eie is aan hulle.
3 Dat die kursusganger sal leer om sy span se jaarwerk so te beplan dat aan die behoeftes van sy besondere span voldoen sal word.

AKTIWITEIT 3B: Ken jouself en jou span – Leierskap & Konflikhantering

SPESIFIEKE DOELWIT

Om kursusganger bewus te maak van sy/haar eie, asook spanlede, se verskillende persoonlikheidstyle. Dit sal 'n invloed hê op die span se kommunikasie, en moontlik konflik veroorsaak.

Om aan die kursusganger leiding te gee rondom konfliksituasies en hoe om dit die hoof te bied.

STANDAARDE

1 Dat die kursusganger bewus sal wees van verskillende persoonlikheidstyle en die wyse waarop verskillende persoonlikhede kommunikeer.
2 Dat die kursusganger sal besef elke persoonlikheid in sy / haar span is 'n aanwins en moet ge-akkomodeer word.
3 Dat die kursusganger gemotiveer word om elke spanlid se natuurlike leierskap, wat potensieel binne sy persoonlikheid gevestig is, te ontwikkel
4 Dat die kursusganer bewus sal wees van konflik wat moontlik mag ontstaan a.g.v.verskillende persoonlikhede.
5 Dat die kursusganger metodes van konflikhantering sal bemeester om sodoende spansamehorigheid te bewerkstellig.
6 Dat die kursusganger met selfvertroue korrek kan optree in 'n konfliksituasie.
7 Dat die kursusganger sal weet om konflik te voorkom en te ontlont.

Kursusriglyne : Module Twee – Bestuur jou Span

AKTIWITEIT4: Die Groepsgedagte – Spanidentiteit & Groepsfunskionering

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusgangers vertroud te maak met die elemente wat nodig is om spanidentiteit te kweek en goeie groepsfunksionering te bevorder ten einde die identeit te laat manifesteer.

STANDAARDE

1 Dat die kursusganger die waarde besef van 'n goeie spanidentiteit en groepsfunksionering asook die voordele wat dit inhou

AKTIWITEIT 5: Spanbou

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusgangers te laat besef dat die spanlid moet inkoop in die groeps-idee deur dadelik te begin met spanbou-oefeninge en om vol te hou daarmee op ‘n deurlopende basis

STANDAARDE

1 Dat die kursusganger die waarde besef van deurlopende spanbou en die voordele wat dit inhou.

AKTIWITEIT 6: Tydsbestuur & Jaarbeplanning

– Die belangrikste is om die belangrikste ding, die belangrikste ding, te hou

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusganger bewus te maak van die voordele van effektiewe tydsbestuur en om ’n jaarplan daar te stel, en om die kursusganger in staat te stel om doelwitte vir sy span te stel en om die bereiking daarvan te beplan.

STANDAARDE

1 Dat die kursusganger sal identifiseer watter dinge vir hom en sy span die belangrikste is.
2 Dat die kursusganger sal besef dat hy en sy span volgens 'n "kompas" eerder as volgens die "horlosie" moet te werk gaan om koers te hou op pad na hulle span se eie visie.
3 Dat die kursusganger kennis sal dra van werkswyses waarmee hy sy beplanning kan organiseer.
4 Dat die kursusganger instaat sal wees om sy spanjaarprogram te beplan sodat dit suksesvol uitgevoer kan word.
5 Dat die kursusganger bewus sal wees van die elemente wat in ‘n jaarprogram hoort.
6 Dat die kursusganger bewus sal wees van die gevaar van oorbelading van die jaarprogram.

Kursusriglyne : Module Drie – Spanbyeenkomste

AKTIWITEIT 7: Struktuur van Spanbyeenkomste

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusganger se vaardigheid in die beplan en hou van ’n spanvergadering/-byeenkoms uit te bou en die kursusganger te laat besef dat die spanvergadering/-byeenkoms die ruggraat van Voortrekkers vorm tesame met die jaar se graadwielwerk.

STANDAARD

1 Dat die kursusganger ‘n spanvergadering met gemak kan hanteer en maksimum gebruik kan maak van beskikbare tyd.

AKTIWITEIT 8: Aanbiedingsmetodes

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die vermoë van die kursusganger te ontwikkel om oorspronklike metodes te gebruik vir die oordrag van kennis, vaardighede en houdings.

STANDAARDE

1 Dat die kursusganger van interessante en oorspronklike metodes gebruik maak om ’n spanvergadering te hou.
2 Dat die kursusganger kennis sal neem van ’n verskeidenheid groepsmetodes.

AKTIWITEIT 9: KREATIWITEIT - Handwerk, Hulpmiddels, Literatuur en Seremonies

SPESIFIEKE DOELWIT

1 Om die kursusganger bekend te stel aan kreatiewe denke ten einde hom die geleentheid te gee om sy kreatiewe vermoëns in te span om spanbyeenkomste met meer inisiatief aan te bied en tot die besef te kom dat daar nie net direk vanuit die graadwielboekie gewerk moet word nie.
2 Om die kursusgangers met idees en entoesiasme toe te rus om self hulpmiddels te maak en bewus te wees van die nodige literatuur wat daar binne die Voortrekkers bestaan om as hulpmiddels te dien.
3 Om die kursusganger tot die insig te bring dat kennis, vaardighede en gesindhede deur middel van handwerk oorgedra kan word.
4 Om die kursusganger te help om eie soortige spanseremonie te kan beplan en bewus te wees van die verskillende seremonies wat huidiglik in gebruik is binne Die Voortrekkers

STANDAARDE

1 Dat die kursusganger die beplanning van sy spanbedrywighede kreatief sal benader.
2 Dat die kursusganger entoesiasties sal word om hulpmiddels te maak vir sy spanaanbieding.
3 Dat die kursusganger kennis sal neem van die Voortrekkerliteratuur wat beskikbaar is om hom te help in sy voorbereiding vir sy spanwerk.
4 Dat kursusganger kennis neem van ander literatuur wat hy kan raadpleeg.
5 Dat die kursusganger oefening sal kry om Voortrekkerliteratuur te gebruik om probleme wat hy ervaar op te los.
6 Dat die kursusganger gemotiveer sal wees om handwerk in te span om sy span se graadwielwerk aan te bied.
7 Dat die kursusganger geleenthede kan identifiseer waar moontlikhede vir seremonies bestaan.
8 Dat die kursusganger ‘n seremonie kan beplan en evalueer.

Kursusriglyne : MODULE 4 – SPANAKTIWITEITE:

AKTIWITEIT 10: Paraatheid

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusganger bewus te maak van die noodsituasies waarin jeuglede kan beland.

STANDAARDE

1 Dat die kursusganger bewus sal wees van noodsituasie waarin hy en sy spanlede kan beland.
2 Dat die kursusganger sal begryp dat hy eerder deur goeie voorsorg voorkomend moet optree.
3 Dat die kursusganger sal besef dat jeuglede ook tuis en in die gewone alledaagse lewe met situasies te doen kan kry wat hom in ‘n krisis kan dompel.

AKTIWITEIT 11: Omgewingsopvoeding

SPESIFIEKE DOELWITTE

Om die noodsaaklikheid van omgewingsopvoeding as deel van ons kultuuropdrag by die kursusganger tuis te bring.

STANDAARDE

1 Dat die kursusganger sal insien dat omgewingsopvoeding op ‘n praktiese wyse aangepak moet word.
2 Dat die kursusganger gemotiveer sal wees om die jeuglid bewus te maak van sy omgewing en die rol wat hy in omgewingsorg kan speel.
3 Dat die kursusganger sal besef dat omgewingsopvoeding die totale omgewing van die mens betrek, dit wil sê beide die stad/dorp en die natuurlike omgewing.
4 Dat die kursusganger die interafhanklikheid tussen die mens en sy omgewing sal verstaan.
5 Dat die kursusganger se belangstelling gewek sal word sodat hy self verder oor die onderwerp sal oplees.

AKTIWITEIT 12: Spankampe & Spanuitstappies

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusgangers bewus te maak van die belangrikheid van ‘n goed beplande spankamp en/of -uitstappie.

STANDAARDE

1 Dat die kursusganger bewus sal wees dat spankampe noodsaaklik is (2 per jaar soos deur die Hoofbestuur bepaal).
2 Dat die kursusganger sal besef dat goeie beplanning noodsaaklik is.
3 Dat die kursusganger onder die besef sal kom dat kommandokampe en groter kampe ook baie belangrik is.

AKTIWITEIT 13: Inhoud van die Hoofsaak

Hierdie aktiwiteit word aanbied vir die verskillende portuurgroepe afsonderlik; maak voorsiening daarvoor dat daar 'n afsonderlike aanbieder vir die P/D-leerplan en vir die Verkennerleerplan is.

AKTIWITEIT 13A: Hoofsaak – Penkop/Drawwertjie Lewe: Die totale prentjie van begin tot Voorslag P/D

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusganger 'n totale oorsig oor alle Penkop- en Drawwertjiewerk te gee.

STANDAARDE

1 Dat die kursusganger 'n oorsig sal verkry oor die P/D-graadwielwerk.
2 Dat die kursusganger die belangrikheid van elke jaar se graadwielwerk as deel van die totale P/D-leerplan sal insien.
3 Dat die kursusganger kennis sal dra van die vereistes vir die Voorslag P/D-toekenning soos van tyd tot tyd deur die Hoofbestuur bepaal.
4 Dat die kursusganger kennis sal dra van die gebied se P/D-kampe en die kursusse wat hulle aanbied.
5 Dat die kursusganger sal verstaan hoe om Spesialisasies aan te wend om verdere kennis en vaardigheid vir die jeuglid te laat aanleer.

AKTIWITEIT 13B: Hoofsaak – Verkennerlewe: Vanaf Groenkopverkenner tot Presidentverkenner

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusganger 'n totale oorsig oor alle Verkennerwerk te gee.

STANDAARDE

1 Dat die kursusganger 'n oorsig sal verkry oor die graadwielwerk van Verkenners.
2 Dat die kursusganger kennis sal neem van die Spesialisasies wat vir Verkennerspanne aangebied kan word.
3 Dat die kursusganger kennis sal dra van die vereistes van Hoofleierswag- en Presidentverkennertoekennings.
4 Dat die kursusganger bewus sal wees van die verskillende gebiedskampe en watter spesialisasies by die onderskeie kampe aangebied word.
5 Dat die kursusganger sal besef dat 'n hoë standaard nodig is indien Verkenners tevrede gestel moet word.

Kursusriglyne : Module Vyf – Begronding

AKTIWITEIT 14: Onderbou

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusgangers tot die besef te bring hoe die grondslag, wese, doelstellings, kode en beloftes van die Voortrekkerbeweging op ‘n alledaagse manier by die jeuglede ingeskerp kan word sonder om dit te laat instudeer net voor ‘n formele toetsing.

STANDAARDE

1 Dat die kursusganger weet wat die grondslag en wese beteken.
2 Dat die kursusganger begryp dat die Voortrekkerbeloftes, die Voortrekkerkode en die Voortrekkerdoelstellings uit die grondslag groei.
3 Dat die kursusganger sal verstaan dat die doelstellings die bepalende kriterium is waaraan die sinvolheid van alle Voortrekkeraktiwiteite gemeet moet word.
4 Dat die kursusganger sal besef dat die jeuglid wat aan hom toevertrou word gelei moet word om die uitleef van die Voortrekkerkode na te streef.
5 Dat die kursusganger die komponente van die beloftes, kode, grondslag en wese sal verstaan en kan toepas in die alledaagse handel en wandel van Voortrekkerwees.

AKTIWITEIT 15: Lidmaatskap

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusgangers vertroud te maak met die lidmaatskapvereistes van die Voortrekkers sodat hulle dit in die praktyk kan toepas.

STANDAARDE

1 Dat die kursusganger met kennis en selfvertroue kan standpunt inneem en vrae kan beantwoord rondom die saak van lidmaatskap.
2 Dat die kursusganger vertroud sal wees met die betrokke literatuur betrokke by lidmaatskap van lede binne sy/haar span.
3 Dat die kursusganer die inhoud en strekking van die Gedragskode van Volwasse Lede sal verstaan.

AKTIWITEIT 16: Wordingsgeskiedenis

SPESIFIEKE DOELWIT

Om by die kursusganger die belangstelling in die wordingsgeskiedenis van sy volk aan te moedig sodat hy gemotiveer word om dit op interessante wyse aan sy span oor te dra.

STANDAARDE

1 Dat die kursusganger die betekenis begryp van sleutelgebeurtenisse uit die verlede van die Afrikanervolk.
2 Dat die kursusganger sal begryp dat politieke voorkeure nie hier ‘n rol mag speel nie.
3 Dat die kursusganger gemotiveer sal wees om die Afrikaner se wordingsgeskiedenis op ‘n interessante wyse aan jeuglede oor te dra.

Kursusriglyne : Module Ses – Toekomsvisie

AKTIWITEIT 17: Toekomsvisie

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusgangers te laat besin oor toekomstige opleiding asook werwing en behoud van lede

STANDAARD

1 Dat die kursusganger bewus sal wees wees van toekomstige opleidingsgeleenthede.
2 Dat die kursusganger bewus sal wees van werwingsmoontlikhede vir sy span.
3 Dat die kursusganger bewus sal wees van beeldbou geleenthede wat benut moet word.
4 Dat die kursusganger bewus sal wees van sy/haar verantwoordelikheid om toe te sien dat Die Visie 2020 van Die Voortrekkers behaal sal word en dat hy/sy die erns van die saak sal besef.
5 Dat die kursusevaluering afgehandel word
6 Dat die kursusleier die kursussertifikaat en kenteken aan die kursusgangers oorhandig wat die volledige kursus afgehandel het.

Kursustyd bevat ongeveer 13 kursusure sonder breuke en etenstye